



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2013**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

---

**LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED****ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3**

1. Maak gebruik van die voorgeskrewe rubriek. (A, B en C) in die Assesseringsriglyne. Let veral daarop dat beplanning en redigering by die rubriek ingesluit is.
2. As skryfstukke heeltemal uit die vraestel saamgeflans word/dele van die opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Kommentaar sal wees: Geen eie werk nie/Saamgeflans.
3. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder streng gepenaliseer m.b.t. die inhoud ('n baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.
4. Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

<b>SIMBOOL</b>	<b>BESKRYWING</b>	<b>VERDUIDELIKING</b>
0	Sirkel	Punktuasiefout
=====	Dubbele strepie onder 'n woord	Spelfout
/	Haal met streep deur	Verkeerde woordkeuse
(.....)	Plaas hakies om die woorde	Woordorde fout
Λ	Weglaatteken	Woord weggelaat
T	Hoofletter T in kantlyn	Tye verwarr
hh	Dubbele hh	Herhaling van gedagtes
Vr	Vraestel	Dele saamgeflans met woorde in vraestel gebruik
?	Vraagteken	Baie verwarrend/sukkel om te verstaan wat leerder skryf
//	Dubbele skuinsstreep	Paragraafindeling
X	Trek X oor verkeerde woord	Woord uit ander taal gebruik
✓	✓ bo die woord	Erkenning van taaljuweeltjies

5. By skryfstukke wat te lank is, word die maksimum lengte nagesien en 'n streep deur die res getrek.
6. Riglyn by afwyking van die voorgeskrewe lengte by skryfstukke:

<b>Afdeling</b>	<b>Amper korrek</b>	<b>Te kort/te lank</b>	<b>Heeltemal te kort/te lank</b>
Afd. A: Opstel 250 – 300 woorde	240 – 249 301 – 310	230 – 239 311 – 320	Minder as 230 Meer as 320
Afd. B: Langer transaksionele teks 120 – 150 woorde	113 – 119 151 – 157	106 – 112 158 – 164	Minder as 106 Meer as 164
Afd. C: Korter transaksionele teks 80 – 100 woorde	75 – 79 101 – 105	69 – 74 106 – 111	Minder as 69 Meer as 111

**ANALISE VAN VRAESTEL**

<b>AFDELING A</b>	<b>OPSTEL</b>
1.1	Verhalend
1.2	Beredenerend
1.3	Argumenterend
1.4	Beskrywend
1.5	Bespiegelend
1.6	Verhalend/beskrywend

<b>AFDELING B</b>	<b>LANGER TEKSTE</b>
2.1	Dialoog
2.2	Toespraak
2.3	Resensie
2.4	Brief met 'n versoek

<b>AFDELING C</b>	<b>KORTER TEKSTE</b>
3.1	Advertensie
3.2	Lys
3.3	Aanwysings
3.4	Dagboekinskrywing

**ONTLEDING VAN VRAESTEL 3**

<b>DENKVLAK VAN DIE SKRYFSTUK</b>
VLAK 1: 3 PUNTE
VLAK 2: 4 – 6 PUNTE
VLAK 3: 7 – 9 PUNTE

	<b>VLAK 1</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 3</b>
<b>O:</b> Onderwerp	Kandidaat se eie persoonlike en alledaagse leefwêreld.	Kandidaat se eie en onmiddellike gemeenskap en omgewing.	Kandidaat en die wye wêreld.
<b>A:</b> Aanbieding	Baie hulp: riglyne, woordeskat in tekste, antwoordblad, ens.	Minder hulp: minder riglyne, minder woordeskat in tekste, uitdagender antwoordblad.	Net die onderwerp, min leiding.
<b>U:</b> Uitdaging	Skryf net woorde.	Skryf stukke wat hoër skryfvaardighede vereis.	Moeiliker skryfvorme.

**ANALISE VAN VRAESTEL****AFDELING A**

VRAAG	OPSTEL	O	A	C	TOTAAL	DENKVLIK
1.1	Verhalend	2	2	2	6	2
1.2	Beredenerend	3	3	3	9	3
1.3	Argumenterend	1	2	2	5	2
1.4	Beskrywend	1	1	1	3	1
1.5	Bespiegelend	1	2	2	5	2
1.6	Verhalend/beskrywend	2	3	2	7	3

**AFDELING B**

VRAAG	LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE	O	A	C	TOTAAL	DENKVLIK
2.1	Dialoog	1	1	1	3	1
2.2	Toespraak	2	1	2	5	2
2.3	Resensie	2	2	3	7	3
2.4	Brief met versoek	2	2	2	6	2

**AFDELING C**

VRAAG	KORTER TEKSTE	O	A	C	TOTAAL	DENKVLIK
3.1	Advertensie	1	1	1	3	1
3.2	Lys	2	2	1	5	2
3.3	Aanwysings	3	3	2	8	3
3.4	Dagboekinskrywing	1	1	2	4	2

**ASSESSERINGSRIGLYNE****AFDELING A:****VRAAG 1: OPSTEL**

Van die kandidaat word verwag om:

- een vraag te doen
- die beplanning en redigering aan te toon
- die lengte van die skryfstuk (tussen 250 – 300 woorde) in hakies aan te toon
- die instruksies by elke vraag rakende die titel te volg

**NOTA AAN MERKERS:**

**VRAAG 1.1, 5, 6** Die tipe opstel is slegs 'n aanduiding en nie voorskriftelik nie en die kandidaat mag die opstel as 'n ander tipe aanpak, maar hy/sy moet dan by die vereistes van hul keuse bly en nie afwyk nie.

ASSESSERINGSINSTRUMENT: Rubriek (A)

**VRAAG 1.1: VERHALEND**

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis (gewoonlik uit die verlede).

- dit handel oor iets wat gebeur het
- die inhoud is boeiend en interessant
- die opstel word uit eie ervaring geskryf
- die inleiding moet die leser boei
- 'n verrassende slot word vereis

Let op:

- Die inhoud moet *drie* sake aanspreek: rede(s) waarom die leser nie van 'n sekere persoon/persone gehou het nie, watter incident(e) hulle vrede laat maak het en hoe die toekoms vir hulle as vriende lyk. Verwysings na mnr. Mandela en ander vredemakers in die land sal 'n goeie aanknopingspunt wees.

[50]

**VRAAG 1.2: BEREDENEREND**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde opinie van beide kante van die argument/stelling te gee.

- die inleidingsparagraaf moet aandui dat beide standpunte beredeneer gaan word
- beide standpunte moet beredeneer word met voorbeeld om standpunt te ondersteun
- die leser moet deur die skrywer oorred word om 'n sekere standpunt te ondersteun
- oorredende en emotiewe taalgebruik moet voorkom
- 'n gevolgtrekking word bereik in die slot

Let op:

- Die vraag oor *respek vir bejaardes* word beredeneer.

[50]

### VRAAG 1.3: ARGUMENTEREND

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie oor die saak en argumenteer om sy/haar standpunt te motiveer.

- die skrywer se standpunt word in die eerste paragraaf aangedui en moet deurgaans behou word
- die slotparagraaf herhaal die standpunt van die eerste paragraaf
- argumente moet objektief en gemotiveerd wees
- oorredingstegnieke word gebruik.

Let op:

- Die kandidaat moet die idee van die matriekafskeidfunksie in *April* argumenteer. Hy/sy moet ten gunste of daarteen wees.

[50]

### VRAAG 1.4: BESKRYWEND

Die skrywer beskryf iets soos hy/sy dit ervaar/ervaar het.

- waarnemings met al die sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis
- eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word
- plekke, gebeure en karakters word akkuraat beskryf
- beeldspraak, idiome en spreekwoorde word gebruik

Let op:

- die titel van die opstel moet die dorp of stad se naam wees
- dit is 'n kompetisie – al die goeie en *positiewe* punte van die dorp moet aangespreek word.

[50]

### VRAAG 1.5: BESPIEGELEND

Die skrywer deurdink 'n saak wat hom/haar persoonlik raak.

- die onderwerp word bepeins en oordink
- gevoelens, emosies en ervarings speel 'n belangrike rol
- 'n groot deel van die opstel mag beskrywend wees en situasies kan aangehaal word
- dit is 'n persoonlike opstel

Let op:

- die opstel bespiegel oor mense en/dinge wat die skrywer se omstandighede beter sal kan maak
- dit is 'n versugting na 'n beter lewe met die hulp van iets/iemand
- die opstel sal moet noem wat verkeerd is en ook hoe dit verbeter kan word

[50]

### VRAAG 1.6: VISUELE PRENTE

Die vraag is so geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose prent van die kandidaat verwag word. Die opstel wat geproduseer word, kan enige een van die tipes opstelle wees. (Meestal: verhalend, beskrywend). Die prente dien slegs as prikkels.

Indien die titel en inhoud nie ooreenstem nie, moet die titel geïgnoreer word. Die rubriek maak nie voorsiening vir sodanige penalisering nie.

[50]

**AFDELING B:****VRAAG 2: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Van die kandidaat word verwag om:

- een vraag te doen
- die instruksies by die vraag uit te voer
- 'n skryfstuk van tussen 120 en 150 woorde te skryf
- die regte formaat te gebruik.

**ASSESSERINGSINSTRUMENT: RUBRIEK (B)****VRAAG 2.1: DIALOOG**

Dit is 'n gesprekvoering tussen twee kommunikasiemiddels oor *waarom* die een *meer gewild* as die ander onder die tienerverbruikers is. Die taal en styl moet by die onderwerp pas.

Van die skrywer word verwag om die korrekte formaat te gebruik:

- geen aanhalingstekens word gebruik nie
- 'n reël word tussen gesprekvoering oopgelaat
- enige ekstra inligting word in hakies geskryf
- die inhoud moet in blokvorm wees

[30]

**VRAAG 2.2: TOESPRAAK**

Die toespraak word gehou om luisteraars te probeer oortuig/oorreid om iets te doen. Leerders moet oortuig word om *aan te sluit en deel te neem* aan 'n nuwe sport in die skool. Dit is informeel, want spreker praat met skoolmaats.

Die volgende word van die skrywer verwag:

- die inleiding moet interessant wees
- elke paragraaf handel oor 'n nuwe feit
- die taal, styl en register moet pas by die gehoor
- die slot moet die gehoor oortuig

[30]

**VRAAG 2.3: RESENSIE**

Dit is 'n verslag van 'n drama/kortverhaal/prosa wat die kandidaat gelees het. Dit beoordeel en lewer kommentaar op die drama/kortverhaal/prosa. Die vraag vra spesifiek dat die drama/kortverhaal/prosa *aanbeveel moet word*.

Die volgende word van die kandidaat verwag:

- titel van drama/kortverhaal/prosa wat bespreek word
- naam van resensent
- beoordelingskaal
- oorsig oor die inhoud van die drama/kortverhaal/prosa
- algemene indruk van die resensent
- slot en aanbeveling

[30]

**VRAAG 2.4: BRIEF MET 'n VERSOEK**

Die brief rig 'n versoek vir 'n borgskap vir 'n kulturele klub. Die inhoud van die brief moet handel oor 'n toer na *kulturele besienswaardighede* en is nie net 'n prettoer nie.

Die volgende word van die kandidaat verwag:

- die formaat van die brief moet korrek wees: adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opskrif, doel, paragrawe, afsluiting
- die adres van die sender komregs bo-aan in blokvorm
- daar word nie 'n reël oopgelaat tussen die poskode en datum nie
- die datum word voluit geskryf
- die adres van die ontvanger van die brief word links in blokvorm geskryf
- geen leestekens word in die adresse gebruik nie
- 'n reël word tussen die adres van die sender en ontvanger oopgelaat
- 'n reël word tussen die ontvanger se adres en aanhef van die brief oopgelaat
- die doel van die brief word in hoofletters geskryf of in kleinletters, maar dan word dit ondersteep
- geen leestekens word na "Die uwe" gebruik nie
- die brief word onderteken deur die persoon wat die korrespondensie rig
- die briefskrywer kan sy/haar noemnaam en van gee
- die hoedanigheid van die sender word onder die handtekening uitgeskryf

[30]

**Aanspreekvorme in formele brieue**

- Indien die titel en van van die aangesprokene nie bekend is nie, spreek die persoon aan as Meneer/Geagte Meneer/Mnr./Dame/Me.
- Indien die titel en van van die aangesprokene bekend is, spreek die persoon aan as Geagte meneer Nell/mevrou Payi.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C****VRAAG 3: KORTER TEKSTE**

Van die kandidaat word verwag om:

- een vraag te doen
- 'n skryfstuk van tussen 80 tot 100 woorde in te handig

ASSESSERINGSINSTRUMENT: Rubriek (C)

**VRAAG 3.1: ADVERTENSIE**

Dit is 'n kommunikasiewyse waarop iemand sy/haar teikenmark wil probeer oortuig om van sy/haar dienste gebruik te maak. Hier gaan dit spesifiek hoe die adverteerdeerder met sy *rekenaarvaardighede* geld kan verdien, bv. tikwerk, regmaak van rekenaars, kaartjies ontwerp, ens.

Vereistes vir 'n advertensie:

- moet aandag trek
- moenie te lang sinne gebruik nie
- moet duidelik wees oor wat geadverteer word
- die vrae wat? waar? vir wie? wat alles? hoe? moet in die advertensie beantwoord word

[20]

**VRAAG 3.2: LYS**

Dit is 'n lys van skoolreëls wat deur die graad 8-leerders oortree word.

Voorbeeld:

1. Hulle kom elkeoggend laat vir skool.
2. Hulle dra die verkeerde sokkies.

Die instruksie is dat dit *volsinne* moet wees en dat die sinne *genommer* moet wees.

[20]

**VRAAG 3.3: AANWYSINGS**

Die volgende word van die kandidaat verwag:

- Die tipe dans as titel
- Verduideliking hoe dit gedoen word
- Die skryfstuk is in paragraafformaat

[20]

**VRAAG 3.4: DAGBOEKINSKRYWING**

Dagboekinskrywings is aantekeninge in 'n dagboek van dinge wat gebeur het of van gevoelens wat ervaar is. In hierdie geval is dit die *gedurige argumente* tussen die skrywer en sy/haar ouers. Die dagboekinskrywing handel oor die skrywer se emosies en gedagtes hieroor. Dit kan wees dat die skrywer ontsteld is of dit geniet. (volgens die strokiesprent).

Let op:

- die dag en datum moet boaan wees
- skryf in die eerste persoon
- skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd plaasgevind het
- gevoelens wat nou ondervind word, word in die teenwoordige tyd geskryf

[20]

**TOTAAL AFDELING C:**

20

**GROOTTOTAAL:**

100

## RUBRIEKE VIR AFDELINGS A, B EN C

## AFDELING A: OPSTEL: EERSTE ADDISIONELE TAAL

50 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
<b>INHOUD EN BEPLANNING</b> <b>32 PUNTE</b>	<b>26 – 32</b> -Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp. -Idees uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel.	<b>22½ – 25½</b> -Inhoud toon deeglike interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot goedsaamgestelde, gepaste opstel.	<b>19½ – 22</b> -Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel.	<b>16 – 19</b> -Inhoud is 'n voldoende interpretasie van onderwerp. -Idees gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende opstel/aanbieding.	<b>13 – 15½</b> -Inhoud gewoon met leemtes in samehang. -Idees meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde/redelike verstaanbare opstel.	<b>10 – 12½</b> -Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang. -Idees is min en dikwels herhalend. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/aanbieding.	<b>0 – 9½</b> -Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. -Idees herhaal. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/aanbieding.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b> <b>12 PUNTE</b>	<b>10 – 12</b> -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse hoogs toepaslik/utmuntend. -Styl, toon en register is hoogs gepas. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering.	<b>8½ – 9½</b> -Toon kritiese taalbewustheid. -Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks. - 'n Variasie in woordekeuse en word korrek gebruik. -Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering.	<b>7½ – 8</b> -Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is gepas vir opstel. -Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering.	<b>6 – 7</b> -'n Aanduiding van kritiese taalbewustheid. -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik. -Woordkeuse voldoende. -Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering.	<b>5 – 5½</b> -Beperkte kritiese taalbewustheid -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik. -Woordkeuse basies. -Styl, toon en register toon gebrek aan samehang. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering.	<b>4</b> -Geen kritiese taalbewustheid -Gebreklike taal en punktuasie. -Woordkeuse beperk. -Styl, toon en register gebreklig. -Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	<b>0 – 3½</b> -Geen kritiese taalbewustheid -Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. -Woordkeuse ontoepaslik. -Styl, toon en register is baie gebreklig. -Opstel is besaai met foute en verwarring ten spyte van proeflees en redigering.
<b>STRUKTUUR</b> <b>6 PUNTE</b>	<b>5 – 6</b> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<b>4½</b> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van details. -'n Verskeidenheid tipes sinne paragrawe skakel logies. -Lengte is korrek.	<b>4</b> -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/saamgestel. -Lengte is korrek	<b>3</b> -Onderwerp bevat sommige idees, noodsaklike details egter ingesluit. -Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek.	<b>2½</b> -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaklike idees. -Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar idees is verstaanbaar. -Lengte is te kort/te lank.	<b>2</b> -Dwaal soms van die onderwerp af, algemene gedagtegang moeilik om te volg. -Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. -Lengte is te kort/te lank.	<b>0 – 1½</b> -Afgedwaal van die onderwerp. -Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS: EERSTE ADDISIONELE TAAL

30 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b>  <b>20 PUNTE</b>	<b>16 – 20</b>  -Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. -Teks, algeheel samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/verdienstelik.	<b>14 – 15½</b>  -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. -Inhou en idees samehangend, alle detail ondersteun by die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/verdienstelik	<b>12 – 13½</b>  -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhou en idees samehangend detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.	<b>10 – 11½</b>  -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhou wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhou en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	<b>8 – 9½</b>  -'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. -Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. -Inhou en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is begaan.	<b>6 – 7½</b>  -n Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhou wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging awesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.	<b>0 – 5½</b>  -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhou wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>  <b>10 PUNTE</b>	<b>8 – 10</b>  -Teks is grammataal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<b>7 – 7½</b>  -Teks is grammataal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<b>6 – 6½</b>  -Teks is grammataal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.	<b>5 – 5½</b>  -Teks is volodoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is volodoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering.	<b>4 – 4½</b>  -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek.	<b>3 – 3½</b>  -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank.	<b>0 – 2½</b>  -Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verwارد ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS: EERSTE ADDISIONELE TAAAL

20 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5: Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b>  <b>13 PUNTE</b>	<b>10½ – 13</b>  -Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings. -Inhou en idees algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend.	<b>9½ – 10</b>  -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie. -Inhou en idees: samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik.	<b>8 – 9</b>  -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhou en idees samehangend, details ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.	<b>6½ – 7½</b>  -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhou wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. -Inhou en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	<b>5½ – 6</b>  -Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. -Inhou wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag. -Inhou en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.	<b>4 – 5</b>  -Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhou wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedaan nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	<b>0 – 3½</b>  -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhou wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedaan nie. -Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>  <b>7 PUNTE</b>	<b>6 – 7</b>  -Teks is grammataal akkuraat, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<b>5 – 5½</b>  -Teks is grammataal maklik om te lees, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<b>4½</b>  -Teks is grammataal maklik om te lees, sinne goed saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek.	<b>3½ – 4</b>  -Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank.	<b>3</b>  -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank.	<b>2½</b>  -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskil vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank.	<b>0 – 2</b>  Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verwارد ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/ te lank.